

Dinsdag 6 Oktober

Skrifgedeelte: Habakuk 2:18-20

Fokusgedeelte: Habakuk 2:18-20

Gemeenskap van gelowiges

Die laaste “wee hom ...” word gespaar vir die afgodsdienaars (vs 19). Anders as by die vorige uitsprake, begin Habakuk met ’n inleiding in vers 18. Hierdeur wil hy klem plaas op hierdie laaste oordeelsuitspraak en die sonde van afgodery aandui as die hart van al die ander sondes.

As God nie jou enigste Here en Koning is nie, bly jy vasgevang in jou selfsug en word dit moeilik om vir enige van jou ander begeertes nee te sê. Waarom sou jy? Wat sou die motivering wees? ’n Afgod is verder magteloos om enige verandering in jou teweeg te bring omdat jy homself skep!

Calvyn het gesê ons is van nature afgodsfabrieke (Boek 1, Hoofstuk 11, Deel 8). Sien jy dit in jou eie hart? Is dit wat jou vasgevang hou in die mag van daardie gewoonte-sonde?

Teenoor dooie afgode staan die lewende Here in sy heilige tempel (vs 20)! Habakuk het sy boek begin deur te vra: Waar is die Here te midde van onreg? Ons God kyk nie anderpad nie. Hy was al die tyd in sy tempel in Habakuk se tyd. Hy kom woon egter uiteindelik onder ons in Jesus. As Jesus sterf in ons plek om ons te reinig van alle ongeregtigheid, en opstaan om die mag van onreg oor ons te breek, en opvaar in die hemel vanwaar Hy finaal sal kom om alles nuut te maak, word ons sy kerk, sy tempel. Dis hier, in gemeenskap met medegelowiges, dat ons vir die wêreld ’n alternatief kan wys vir afgodery en die magsmisbruik en geldgierigheid en seksuele losbandigheid wat daaruit voortvloei. Ons doen dit as ons as sy kerk gekenmerk word deur selfopofferende liefdesdiens, vrygewigheid en gesonde, intieme, diep, vriendskappe.

Kenmerk hierdie dinge jou en jou gemeente se lewe? Dank en loof en prys God as dit so is! Wat het jy (julle) nodig om te doen as dit nie so is nie? Watter afgode staan in die pad van hierdie vrug van geloof?

Sing: Psalm 84-1:1, 6

Ds. TF Dreyer (Thomas) (Randburg)